
# DIE FONTEIN

OUD GEREFORMEERDE KERK ~ Junie 2025



Openbaring 21:6

"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag:** Waaruit bewys ons dat die Bybel wel die Woord van God is?

**Antwoord:** Uit die getuienis wat die Skrif ons self te kenne gee, soos dit ook, in die woorde van 2 Tim. 3 vers 16, bevestig word:

**"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,"**

Daarom sal elke begenadigde openlik getuig en sê: "Die Bybel is geen mensewoorde of verdigte fabels nie, nee, dit is direk afkomstig van God die Here, volgens die getuienis, in 2 Petr. 1 vers :

**"terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."**

**Vraag:** Maar terwyl die oorgrote meerderheid van die ganse mensdom met vele argumente die Heilige afkoms van die Skrif betwis, deurdat hulle hulself bo die Woord verhef, moet ons veral waaksaam wees. Maar wat is die grondige bewyse waarmee ons hierdie argumente van die ongelowiges kan verbrysel?

**Antwoord:** Eerstens, bewys ons dat die Heilige Skrif die enigste weg tot die ewige Saligheid is en hoedat God dié God van 'n verlore sondaar word. Dit het en dit sal geen mens of Engel ooit weet nie, want vlees en bloed het dit nie aan ons geopenbaar nie, hoedat God die wêreld met Homself in Christus Jesus versoen het. Daar is geen mens aan wie hierdie waarheid geopenbaar is behalwe deur die Bybel en die kragtige werking van die Heilige Gees. Indien iemand 'n ander wyse van openbaring buite die Bybel wil aanwys sal dit gans verkeerd en 'n dwaalweg wees, daarmee

bewys ons dat sou iemand enige waarheid in hierdie dwaalleer vind, dat so ’n persoon sy eie gemoed geweld aandoen.

Tweedens, al die Wette en Gebooie in die Woord is Goddelik daarom is die Wet ooreenkomstig die ingeskape Wet wat elkeen van ons ontvang het. Onder die Wet wat in die Woord is, is alle mense begrepe en onderworpe, want dit is meer van krag as alle menslike wette.

Derdens, in die Heilige Woord vind ons vele verborgenhede, soos die verkiesing en die verwerping, selfs ook die Menswording van Christus en ook die Drie-Eenheid, Vader, Seun en Heilige Gees en selfs ook dat God Sy Eniggebore Seun nie gespaar het, volgens Rom. 8 vers 32:

**“Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?”**

Juis daarom moet ons ook uitroep: “O, dieptes van die rykdom in die wysheid en die kennis van God!”

Vierdens, al die profesieë in die Woord en ook hoedat hulle lank daarna volkome vervul is. Reeds in Gen. 3 vers 15, word die Messias beloof en ons lees ook hoedat God tot Abraham gespreek het, voordat hy enige kind gehad het: “Ek sal jou saad vermenigvuldig soos die sterre aan die hemel en julle sal in Egipte kom en daar vir 430 jaar verdruk word en dan sal ek julle laat uittrek.” So is dit dan ook uiteindelik vervul. Maar wat die vervulling van die Profesieë verder betref, lees ons ook, in 1 Kon. 13 vers 1 en 2:

**“Toe kom daar ‘n man van God uit Juda deur die woord van die HERE in Bet-el aan, terwyl Jeróbeam op die altaar staan om offerrook te laat opgaan; en hy het uitgeroep teen die altaar deur die woord van die HERE en gesê: Altaar, altaar, so spreek die HERE: Kyk, ‘n seun sal gebore word vir die huis van Dawid met die naam van Josía, en hy sal op jou slag die priesters van die hoogtes wat op jou offerrook laat opgaan, en op jou sal mensbene verbrand word.”**

Hierdie Josia verwys reeds na die Messias en dan lees ons ook verder, in vers 4:

**“En net toe die koning die woord van die man van God hoor wat hy teen die altaar in Bet-el uitgeroep het, steek Jeróbeam sy hand uit bo van die altaar af en sê: Gryp hom! Maar sy**

**hand wat hy teen hom uitgesteek het, het styf geword, sodat hy dit nie weer kon terugtrek nie."**

Daarna het koning Jeróbeam vir die man van God gesê: "Bid vurig tot die HERE sodat my hand herstel en tot my mag terugkeer!" Die profeet het tot die HERE gebid en hy is herstel. In 2 Kon. 23 vers 15 – 18, lees ons hoedat alles uiteindelik vervul is, soos die man van God dit ook voorspel het:

**En ook die altaar wat in Bet-el was, die hoogte wat Jeróbeam, die seun van Nebat, gebou het, wat Israel laat sondig het, ook daardie altaar en die hoogte het hy afgebreek en die hoogte verbrand; hy het dit tot stof vermaal en die heilige boomstam verbrand. En toe Josía hom omdraai, sien hy die grafte wat daar op die berg was; en hy het die bene uit die grafte laat haal en op die altaar verbrand en dit verontreinig, volgens die woord van die HERE wat verkondig is deur die man van God wat hierdie woorde uitgeroep het. Toe sê hy: Wat is dit vir 'n grafsteen wat ek daar sien? En die manne van die stad antwoord hom: Dit is die graf van die man van God wat uit Juda gekom en hierdie dinge uitgeroep het wat teen die altaar van Bet-el gedoen het. Daarop sê hy: Laat hom met rus, laat niemand sy bene verroer nie. En hulle het sy bene met die bene van die profeet wat uit Samaría gekom het, met rus gelaat."**

En uiteindelik word daar ook na Sy geboorteplek verwys, soos dit ook in die profesie van Mig. 5 vers 1 tot 4, vermeld word:

**"Nou sal jy by hope bymekaar moet kom, o dogter van krygsbendes; die vyand het 'n wal teen ons opgegooi; met 'n stok slaan hulle die regeerder van Israel op die kakebeen. En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer. En Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van die HERE, in die majesteit van die Naam van die HERE sy God; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde."**

Hierdie openbaringe vanuit die Woord is 'n Genadegawe aan elke begenadigde.

Vyfdens, die bearbeiding van God se kinders geskied alleen deur Sy Woord en Gees, hoe meer die Gees in 'n begenadigde werksaam is, hoe meer sal daar 'n honger na die Woord van die HERE wees, terwyl die ongelowige geen behoefte na die Woord in die hart ervaar nie.

(Vervolg.)

---



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

**ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS**

---

## Hoofstuk 5.

## DIE KENNIS VAN GOD BLYK UIT DIE SKEPPING VAN DIE WÊRELD EN DIE VOORTGESETTE REGERING DAARVAN.

### *6. Almal het dieselfde moontlikheid om God te soek, mits hulle die getuienis van die natuur raaksien*

So dikwels as wat ons elkeen sy eie natuur in oënskou neem, moet ons dus daaraan gedagtig wees dat daar net een God is wat die hele natuur op so 'n wyse regeer dat dit sy wil is dat ons onsself moet ondersoek, ons geloof op Hom moet rig en dat Hy deur ons aanbid en aangeroep moet word. Niks is immers verkeerder as om sulke uitnemende gawes te geniet wat die Godheid in ons adem en om die Skepper wat dit uit barmhartigheid aan ons skenk, te minag nie. Met watter duidelike voorbeelde sleur sy mag ons nie mee om Hom te oordink nie! – behalwe miskien as dit ons ontgaan dat dit in sy mag is om hierdie eindelose kolos van hemel en aarde deur sy Woord te onderhou. Op sy wenk alleen skud Hy die hemel met die gerommel van donderweer. Met Sy weerlig verteer hy alles en met sy skigte steek Hy die lug aan die brand. Hy maak die hemel met verskeie

soorte storms onstuimig en Hy laat dit oombliklik bedaar wanneer dit Hom behaag. Hy beteuel die see wat met sy hoogte, asof dit in die lug oor ons hang, die wêreld voortdurend met vernietiging bedreig. Soms swiep Hy die see met loeiende onstuimigheid van die winde op tot ’n verskriklike vlak en dan weer bring Hy die golwe tot bedaring en maak die see kalm.

Hierop het al die lofprysinge op die mag van God wat uit die getuienis van die natuur spruit en oral maar veral in Job en Jesaja voorkom, betrekking. Dit laat ek nou doelbewus agterweë omdat hulle elders ’n meer gepaste plek sal vind wanneer ek die skepping van die heelal uit die Skrif bespreek. Hier wou ek slegs aanstip dat vreemdelinge en eie huisgenote dieselfde weg het om God te soek as hulle maar net die buitelyne volg wat van bo en van onder ’n lewende beeld van Hom afskadu.

Weldra voer sy mag ons juis daartoe om oor sy ewigheid na te dink, omdat die God uit wie alle dinge hulle oorsprong put, noodwendig ewig moet wees en sy begin uit Hom moet hê. As daar voorts na die rede gevra word waarom Hy enersyds beweeg is om eenmaal al hierdie dinge te skep en andersyds beïnvloed word daarom nou nog in stand te hou, sal ons vind dat slegs sy goedertierenheid alleen die oorsaak hiervan is. Ja, selfs as dit die enigste rede sou wees, behoort dit nog meer as voldoende te wees om ons tot liefde vir Hom te lok, omdat daar, soos die profeet ons leer, geen skepsel is op wie sy barmhartigheid nie uitgestort is nie.

### *7. Ook in die regering van die menslike gemeenskap kom bewyse van sy krag duidelik voor*

Ook in die tweede groep van sy werke – die naamlik wat buite die gewone loop van die natuur voorkom – doen bewyse van sy krag wat net so duidelik is, hulle voor. Want in die regering van die gemeenskap van die mensdom reël Hy sy voorsienigheid op so ’n wyse dat Hy tog daagliks met openlike tekens sy goedertierenheid aan die godvrugtiges en sy strengheid aan die goddelose oortreders toon, ten spyte daarvan dat Hy op ontelbare wyses teenoor alle mense barmhartig en weldadig is. Want daar bestaan geen twyfel daaroor dat Hy Hom op die sonde wreek nie. Net so betoon Hy Hom duidelik as Beskermer, ja, selfs as Wreker van die onskuld, wanneer Hy met sy seën die lewe van goeie mense voorspoedig maak, hulle in hulle nood onderskraag, hulle smarte lenig en hulle vertroos, hulle teenslae verlig en hulle heil in alle dinge ter harte neem.

Ook die feit dat Hy bose sondaars dikwels toelaat om vir ’n rukkie ongestraf van vreugde te jubel maar verdra dat regskape en verdienstelike mense deur baie teenspoed rondgeslinger en selfs deur die bose onreg van goddelose mense oorweldig word, behoort nie die ewige reël van sy geregtigheid te verduister nie. ’n Gedagte wat heeltemal hiervan verskil, behoort eerder in ons verstand op te kom, naamlik dat Hy alle sonde haat. Hy straf immers een oortreding met ’n openlike vertoon van sy toorn, maar daar sal ook ’n tweede oordeel wees waarvoor Hy die sondes wat nog gestraf moet word, uitstel, omdat Hy baie sulke sondes ongestraf verby laat gaan.

Hoeveel stof tot nadenke oor sy barmhartigheid stel Hy nie op soortgelyke wyse tot ons beskikking nie wanneer Hy ellendige sondaars baie dikwels met onvermoeide goedertierenheid agtervolg, totdat Hy hulle boosheid verbrokkel deur aan hulle goed te doen en deur hulle met meer as Vaderlike sorg na Hom terug te roep.

### *8. God verhef die nederiges en verneder die hooghartiges*

Met hierdie doel voor oë vermeld die profeet dat God mense wat in wanhopige omstandighede in ellende verkeer en bykans verlore is, skielik wonderlik en bo hulle verwagting te hulp snel. Hy beskerm mense wat in woestyne ronddwaal teen wilde diere en lei hulle terug op hulle pad; aan behoeftiges en hongeriges voorsien hy spyse. Hy bevry gevangenes uit walglike kuile en gevangenisse van yster; Hy bring skipbreukeling veilig in die hawe in; mense wat alreeds halfdood is, genees Hy van hulle siekte; Hy laat die aarde verskroei van hitte en droogte en Hy maak dit vrugbaar met die verborge benatting van sy genade; Hy hef die veragtelikste mense uit die massa weer op; Hy werp die hooghartiges van die hoë trap van hulle aansien af. Deur dergelike voorbeelde voor te hou lei die profeet af dat soveel gebeurtenisse wat aan die toeval toegeskrywe word, getuienis is van sy hemelse voorsienigheid en in besonder van sy vaderlike goedertierenheid. En hieruit word aan godvrugtige mense stof tot blydskap verleen, maar goddelose afvalliges se monde word daardeur gesnoer.

Maar omdat ’n baie groot deel van hulle met hulle eie dwaling deurtrek is en in so ’n uitnemende skouburg blind bly, roep die profeet uit dat dit ’n taak van seldsame en buitengewone wysheid is om hierdie werke van God verstandig te oorweeg, omdat mense wat andersins na uiters skerpsinnige

waarnemers lyk, deur die aanskouing hiervan niks wen nie. En beswaarlik een uit elke honderd mense sien waarlik hoe God se heerlikheid sy glans hierin laat uitstraal.

Sy mag en sy wysheid is nie minder in duisternis gehul nie. Sy mag kom voortreflik na vore wanneer die brutaliteit van goddeloses, wat na die mening van almal onoorwinlik is, in een enkele oomblik aan bande gelê word, hulle hooghartigheid beteuel, hulle kragtigste magte verwoes, hulle spiese en wapens verbrysel, hulle kragte verpletter en hulle werktuie verwoes word en juis as gevolg van hulle lompe grootte stort hulle ineen. Sy mag verskyn ook wanneer hulle vermetelheid, wat hulle ten hemele verhef, tot in die middel van die aarde platgeslaan word; dan wanneer nederiges uit die stof opgehef en hopelose mense uit die drek opgetel word; wanneer verdruktes en gekweldes van die uiterste benoudheid bevry word; wanneer wanhopiges in goeie hoop herstel word; wanneer weerloses oor gewapendes, 'n klein handjie vol oor 'n menigte en swakkes oor sterkes seëvier.

Maar sy wysheid munt duidelik uit wanneer Hy elke saak op die beste tyd daarvoor reël; wanneer Hy al die skerpsinnigheid van die wêreld beskaam; wanneer Hy die wyse mense in hulle eie sluheid vang, kortom, daar is niks wat Hy nie op die beste wyse bestuur nie.

### 9. *Omdat ons God se Wese nie kan begryp nie, moet ons sy werke ondersoek om tot kennis oor Hom te kom*

Ons sien dat ons nie 'n lang moeitevolle betoog nodig het om getuienis op te diep wat kan dien om sy Goddelike majesteit toe te lig en te bevestig nie, aangesien dit uit die handjie vol voorbeelde wat ons hier aangehaal het, duidelik is dat waarheen 'n mens jou ook al wend, die getuienis so voor die hand liggend en in die oog lopend is dat dit maklik met die oë aangedui en met die vingers aangewys kan word.

Hier moet ons weer daarop let dat ons tot kennis van God uitgenooi word. Dit is egter nie 'n kennis wat met ydele spekulasie tevrede is en slegs maar in ons brein rondsweef nie, maar een wat bestendig en vrugbaar sal wees as ons dit na behore begryp en as dit in ons harte wortelskiet. Want die Here openbaar Hom deur sy krag en omdat ons die werking daarvan binne-in ons ervaar en ons ook sy weldade geniet, moet ons noodwendig deur hierdie kennis met baie groter besieling beïnvloed word as wanneer ons vir ons 'n God sou voorstel van wie ons geen ervaring het nie.

Daaruit lei ons af dat die reguitste pad en ook die mees gepaste volgorde is om God te soek – nie om met vermetele nuuskierigheid deur te dring tot ’n ondersoek van sy Wese, wat ons eerder moet eerbiedig as daarom gewetenloos te deurvors nie, maar om Hom in sy werke te aanskou waarin Hy Hom aan ons vertroud maak as ’n God wat naby ons is en op die een of ander wyse ook met ons omgaan.

Dit is wat die apostel voor oë gehad het toe hy gesê het dat ons Hom nie ver hoef te soek nie, aangesien Hy met duidelik aanwesige krag in elkeen van ons woon. Daarom het Dawid eers sy onuitspreeklike grootheid bely en daarna tot ’n vermelding van sy werke oorgegaan en verklaar dat hy van sy grootheid sal vertel.

Daarom betaam dit ons ook om ons op hierdie soeke na God toe te lê sodat dit ons verstand deur verwondering so in beslag kan neem dat dit ons terselfdertyd heeltemal met ’n kragdadige ervaring van God se mag beïnvloed. En soos Augustinus iewers verduidelik: omdat ons onder sy grootheid beswyk, kan ons Hom nie begryp nie en betaam dit ons om ons oë op sy werke te rig om deur sy goedertierenheid verkwik te word.

### *10. Die doel van die kennis in verband met God is om ons tot volle geluksaligheid te lok*

Verder behoort so ’n kennis ons nie alleen tot aanbidding van God op te wek nie, maar dit moet ons ook tot die hoop op ’n toekomstige lewe aanwakker en verhef. Aangesien ons merk dat die voorbeelde wat die Here van sowel sy goedertierenheid as sy strengheid gee, maar nog net begin en half volbring is, moet ons daaroor nadink dat Hy sonder twyfel hierin net ’n voorspel tot belangriker dinge gee. Die volle openbaring daarvan word tot ’n ander lewe uitgestel.

Maar aan die ander kant sien ons dat vroom mense deur goddeloses met verdrukking en beledigings verskeur word, maar dat die bose ongestraf van krag tot krag gaan, voorspoed geniet en waardiglik vrede vind. Gevolglik moet ons tot die slotsom kom dat daar ’n ander lewe sal wees waarin sy straf vir goddeloosheid en sy loon vir regverdigheid weggebêre is. As ons dan nog bowendien opmerk dat gelowiges alte dikwels met die roede van die Here gekasty word, kan ons baie gewis vasstel dat die goddelose mense eenmaal veel minder aan sy gesel sal ontkom.

Want die volgende verklaring van Augustinus is verstandig wanneer hy sê: “As elke sonde nou openlik gestraf sou word, sou ons kon aflei dat daar

geen straf vir die laaste oordeel meer oorbly nie. Maar as God nou aan die ander kant geen sonde openlik sou straf nie, sou mense glo dat sy Goddelike voorsienigheid nie bestaan nie."


Ons moet dus erken dat daar in elke werk van God en in besonder in al sy werke saam, deugde van God afgeëts is soos op 'n tafereel. Deur hierdie deugde word die hele mensdom uitgenooi en gelok om Hom te leer ken en deur hulle kennis tot waaragtige en volle geluksaligheid te kom.

Hoewel sy deugde op die duidelikste in sy werke te voorskyn kom, vorm ons eers 'n begrip van die doel waarop dit gemik is, van die krag daarvan en waarom ons dit moet oordink, wanneer ons in onsself neerdaal en oorweeg op watter wyse die Here sy lewe, sy wysheid en sy krag in ons openbaar en sy geregtigheid, sy goedertierenheid en sy barmhartigheid teenoor ons beoefen. Hoewel Dawid met reg daaroor kla dat ongelowiges sonder wysheid is, omdat hulle nie die onpeilbare raadsplanne van God in sy regering van die mensdom in oorweging neem nie, is dit tog baie waar wat hy elders sê, naamlik dat die wonderbare wysheid van God hierin meer is as die hare op ons kop.

Maar omdat hierdie onderwerp hierin later op sy eie plek in behandeling geneem sal word, laat ek dit nou agterweë.

(Vervolg.)

---



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

## HOOFSTUK 6

## VIER JAAR VAN MOEILIKE STRYD.

Luther het hom die uitskellery van Tetzel natuurlik nie aangetrek nie. “Dis vir my,” het hy eenmaal gesê, “of ek ’n groot esel teen my hoor skree.” Hy was egter wel ontsteld daaroor dat sy geringe daad – die bekendmaking van sy stellings in die openbaar – die hele wêreld in beroering gebring het. “Ek het,” het hy later gesê, “hierdie saak met groot vrees en groot angs begin. Wie was ek toe? ’n Arm, ellendige, veragtelike broeder wat meer na ’n lyk as na ’n mens gelyk het. Wie was ek om op te staan teen die majesteit van die Pous, waarvoor die hemel en aarde gebewe het, terwyl hulle gedwing was om die wenk van sy oë te gehoorsaam.” En tog het hierdie nietige monnik sy man kon staan, omdat hy nie op eie krag nie, maar op God gesteun het.

Toe Pous Leo X vir die eerste maal Luther se stellings lees het hy daar hartlik oor gelag en gesê: “Die broeder Maarten het ’n helder hoof, ja, is ’n voortreflike genie en verder is dit ’n armsalige monnike twis, waaroor dit nie die moeite werd is om jou moeg te maak nie.” na verloop van tyd het hy egter anders oor die saak gedink. Toe hy hoor dat duisende party vir Luther kies, het hy beveel dat die Saksiese monnik binne 60 dae na Rome moes kom om daar vir sy daad verantwoording te kom doen.

Sou Luther gaan en hom in die bek van die leeu waag? Dan sou hy verlore wees, want hulle sou hom verbrand soos dit vroeër met Hus gebeur het. Leo het self getwyfel of Luther sou kom en het dus vir Frederik die Wyse, van Keurvors van Sakse, versoek om “hierdie kind van die bose gevange te neem en na Rome te stuur.”

Dit was vir die Keurvors te erg; hy het besef dat dit dan met Luther sleg sou afloop en daarom dit so bewerk dat sy saak in Duitsland ondersoek sou word. Luther sou na Augsburg in Beiere moet gaan en daar deur Kardinaal Cajetanus verhoor word.

So het die professor dan teen die end van September, op reis te voet, die lang afstand van Wittenberg na Augsburg gegaan, ’n afstand ongeveer so ver as die van Kaapstad na Fraserburg Road. In Weimar is hy in die Franciskaner klooster vriendelik ontvang, maar ook tewens gewaarsku. “Broer,” het die ab van die klooster vir hom gesê, “hulle sal jou in die vuur gooi en tot as verbrand.” Maar Luther se antwoord was, “Liewe vriend, bid vir my tot onse God in die hemel en tot sy dierbare Seun Jesus Christus. Wie se saak myne is, sodat Hy ons mag begunstig. As Hy sy saak verdedig, dan sal myne ook verdedig wees, maar as Hy dit nie wil handhaaf nie, dan kan ek dit waarlik ook nie doen nie.”

Tog het Luther ook gedink dat hy nou sou moes sterwe. Met die brandstapel in die vooruitsig het hy sy reis voortgesit en meermale gesug: “Helaas, watter skande sal ek my liewe ouers aandoen!” Maar dan sê hy weer: “Ook in Augsburg, ook tussen sy vyande heers Christus! Laat Christus lewe en Luther sterwe! Die God van my verlossing sy geprys!”

Nie ver van Augsburg af nie was Luther so uitgeput dat hy nie verder kon loop nie en genoodsaak om ’n wa te huur waarmee hy op 7 Oktober by die plek van sy bestemming aangekom het.  Hy het dadelik die Kardinaal van sy aankoms verwittig en het teenoor die hoë kerkvors die grootste eerbied betoon. Die Kardinaal was baie vriendelik teenoor hom, maar het geëis dat hy alles onvoorwaardelik moes herroep. Agtereenvolgens het hulle drie maal saamgekom, maar Luther het aan die waarheid getrou gebly.

Op die ou end kon die trotse Kardinaal dit nie meer uithou nie. “Herroep.” Beveel hy op strenge toon, “of kom nie meer voor my oë nie!”

Luther het gegaan en aan ’n vriend geskrywe: “Cajetanus is net so onbekwaam om die saak te begryp soos ’n esel is om die harp te speel. Hoe dit ook al mag wees, herroep wil ek nie. ek wil geen ketter word deur die

geloof, wat my tot ’n Christen gemaak het, te versaak nie. Liewer sou ek wil sterwe, verbrand, verban en vervloek word.”

En Cajetanus kon vir Luther nie langer veel nie. “Met die bees wil ek nie langer redetwis nie, het hy gesê. “Hy het oë wat so diep lê en sulke wonderlike gedagtes in sy kop.”

Langer verblyf in Augsburg het vir Luther gevaarlik geword. Hy het begryp dat die vertoornde Kardinaal hom gevange sou neem. Op ’n vinnig drawwende perd het hy in die donkerste van die nag, vergesel van ’n troue gids deur die klein poort van Augsburg gejaag. Dit het so haastig gegaan dat hy hom nie eens die tyd gegun het om vir hom ry skoene of spore te kry nie. Boonop was hy nie gewoond aan perdry nie, sodat hy by sy aankoms in Mannheim so vermoeid was, dat hy in die herberg dadelik in die stal op die strooi neergeval het. Hy was egter veilig en gesond weer op 31 ste Oktober terug in Wittenberg.

Die Kardinaal was verskriklik teleurgestel dat Luther ontvlug het, maar daar was eenvoudig niks aan te doen nie. Ook het Frederik die Wyse geweier om die gehate man uit sy gebied te verban of na Rome te stuur, sodat die Pous besluit het om te sien of hy die saak nie op ’n mooi manier kon sus nie. Om die rede het hy die keer g’n trotse Italiaan na Duitsland gestuur nie, maar sy kamerheer, die vriendelike Saksiese edelman Karel von Miltitz. Hierdie innemende man het gedink hy sou Luther op ’n listige manier vang. Hy het hom met vriendelikheid oorlaai.

“My liewe Maarten,” het hy hom gevlei, “ek het gedink dat jy ’n ou afgeleefde geleerde was, maar ek sien, dat jy nog ’n jong man in die bloei van die lewe is. Ek sou dit nie waag om jou met 25000 man uit Duitsland na Rome te bring nie, want op die reis het ek wel opgemerk, dat daar drie voor jou is teen een voor die Pous.” Ook het hy nie geëis dat Luther sou herroep nie, maar vir hom gevra om te swyg, sodat die Kerk nie langer deur twis en tweedrag verskeur sou word nie.

Von Miltitz was vreeslik in sy skik met die ooreenkoms wat getref is en nooi toe vir Luther uit om by hom die aand te kom eet. Daar het dit gesellig en vrolik toegegaan; en by die afskeid het die gasheer selfs opgestaan en vir Luther omhels, met wie hy gedink het dat hy dit nou heeltemal eens was.

Van die gemaakte afspraak om die saak te laat doodbloei het daar egter niks gekom nie. Luther het eerlik sy woord gehou, maar dit was vir sy vyande onmoontlik om stil te bly.

Te Ingolstadt in Beiere het daar 'n geleerde man, doktor Eck, gewoon, wat as een van die knapste professore in die hele Europa beskou was. Hy het reeds vroeër eenmaal teen Luther geskrywe, maar hy kon hom nie oorwin nie. Eck het gedink dat daar in die wêreld niemand was wat so goed soos hy kon praat nie, daarom wou hy graag 'n slag met Luther redetwis. Dan sou hy, na sy mening, die Saksiese monnik baie gou die swye oplê. Eers het hy die stryd met dr. A.B. Carlstadt – gewoonlik dr. A.B.C. genoem – aangebind, maar daarmee was hy nie tevrede nie. Hy wou graag met Luther self 'n potjie loop en eindelik het dit hom ook geluk.

Hertog George van Sakse het die riddersaal van sy kasteel te Leipsig vir hierdie geleentheid ingerig. Daar sou 'n openbare dispuut tussen die twee plaasvind.

Luther, sy boesemvriend Melanchton, nog maar 21 jaar oud, dog geweldig geleerd en doktor Carlstadt, al drie professore van die universiteit van Wittenberg, het na Leipsig gekom, vergesel van 'n erewag van tweehonderd gewapende studente.

Dr. Eck het 'n swaar stem gehad, was ongelooflik verwaand en het so baie kennis besit dat hy dr. A.B.C. baie maklik oorbluf het. Dog teen Luther was hy glad nie opgewasse nie. Luther het met die swaard van die Gees gestry, naamlik die Woord van God. Dit Het nie in die smaak van dr. Eck geval nie, want oor die Bybel wou hy liewer nie praat nie, sodat Luther eindelik uitgeroep het: "Jy ontvlug die Bybel soos die duiwel die kruis."

Natuurlik het die strydende partye dit met mekaar nie eens geword nie. Eck was verskriklik boos, omdat hy Luther nie kon oorwin nie en gaan toe dadelik na Rome om sy teenstander aan te kla. Pous Leo het na Eck geluister en toe op die 15 de Julie 1520 'n nuwe bul of pouslike brief teen Luther uitgevaardig, waarin 42 van sy stellings veroordeel word en hy beveel word om hulle binne 66 dae skriftelik te herroep of anders na Rome te kom om vir homself te verantwoord. "As hy dit nie doen nie," skrywe die Pous verder, "en nie ophou met preek, onderwys en skrywe nie en as hy sy boeke nie wil verbrand nie, dan verdoem ons hom en al sy aanhangers as hardnekkige ketters." Dr. Eck het self met hierdie bul na Duitsland gegaan daarom oral op die kerkdeure te laat vasspyker, maar hy het al dadelik opgemerk hoe diep die leer van Luther in die hart van die volk reeds wortelgeskiet het.

Die studente van Leipsig wou hom self aanrand, sodat hy in 'n skoorsteen moes wegkruip en bly was om in die donkerte van die nag te kon ontsnap.

In Erfurt het die studente die bul van Eck afgeskeur en die stukke in die water gegooi, om, soos hulle gesê het, "die pouslike bul te laat swem."

Luther het nie op hom laat wag om die Pous te antwoord nie. Hy het 'n openbare brief in die lig gegee getitel: "Teen die bul van die antichris."

As die Pous hierdie bul nie herroep nie, noem hy hom die vyand van God, die vervolger van Christus, ja die antichris self en hy doen 'n beroep op die Keiser Karel en al die vorste en here van die Duitse Ryk om saam met hom vir die eer van God te stry.

Luther was vasbeslote om in die vervolg met Rome geheel-en-al te breek. "Voortaan, "het hy gesê, "verag ek die toorn van Rome sowel as sy gunste." Deur 'n heldhaftige daad wou hy dit aan die hele wêreld toon. Die 10 de Desember 1520 was daar buitekant die Elsterpoort in Wittenberg 'n hoop hout opgestapel. Om nee-uur die môre kon mens vir Luther die gebou van die universiteit sien verlaat, vervolg deur 'n stoet van doktore en studente, ongeveer 600 in getal, waarby 'n groot aantal burgers hulle aangesluit het. Luther het die bul van die Pous en die kerklike wetboek in sy hand en gooi die toe voor almal in die vlamme, terwyl hy uitroep: "Omdat jy die waarheid van God bedroef het, mag die ewige vuur jou verteer!"

Met groot vreugde het die volk en die studente aanskou, hoedat die vlamme alles verbrand het. Hulle het nou geweet, dat Luther hom onherroeplik van die Pous en al sy aanhangers losgeskeur het.

(Vervolg.)

---



# PRESIDENT S.J.P. KRUGER

## GEWEIER OM POSISIE AAN TE NEEM TEN KOSTE VAN DIE ONAFHANKLIKHEID VAN SY VOLK.

Deur die Genade van ons Hemelse Vader was die suiwer en die ware Godsdiens vir hom uiters noodsaaklik. Twee kern belangrike punte waarop sy beginsels gegrondves was – die Christelike en die nasionale pilare. Ontrouheid na die een of ander kant sou hy nooit geduld het nie.

Hy het geweier om ’n posisie aan te neem ten koste van die onafhanklikheid van sy volk, daarom het hy verkies om liewer saam met sy volk sleg behandel te word.

Paul Kruger was geen opportunis nie, nee, sulke mense is manteldraaiers wie se houding en optrede deur omstandighede bepaal word. Geskiedenis is vir sulke mense maar ’n blote toevallige loop van omstandighede en namate die omstandighede wissel moet ’n ander houding aangeneem word, selfs al sou daarmee ’n tydelike versaking van beginsels gepaard gaan.

Dit is duidelik dat by so ’n opvatting van die geskiedenis daar geen sprake van die koers van ’n volk is nie. Die volk is dan soos ’n dryfhout wat teen

hierdie en teen daardie wal van ’n rivier stamp om uiteindelik in die groot waters van die see verswelg te word.

Hierdie onverantwoordelike opvatting van die geskiedenis sal nooit by iemand wat uit die Skrif lewe kan posvat nie. Geskiedenis is, volgens die standpunt van ’n gelowige staatsman soos Paul Kruger en ook van elke Christen, die ontplooiing van God se Raad. Niks gebeur deur toeval of noodlot nie; daar is dus geen toevallige loop van omstandighede nie, maar alles gebeur volgens ’n vaste plan in die Raad van God.

As hierdie op die Skrif gebaseerde grondbeginsels toegepas word op die geskiedenis van ons volk in Suid-Afrika, dan kan die Groot Trek nie as toeval beskou word nie, ook nie die ontstaan van die twee Afrikaanse Republieke, die Oranje-Vrystaat en Transvaal nie, asook die onafhanklikheid van die twee Republieke moet beskou word as van God gegewe. Hieruit is ook op die Pad van Suid-Afrika wat oor hoogtes en deur dieptes gegaan het daardie onuitroeibare vryheidsin van die Afrikanervolk gebore. Daarom het die Afrikaanse volk, wat God hier in die Suide laat ontstaan het juis ’n doel en ’n plig om te vervul.

Dis hierdie plig en doel wat Paul Kruger erken en bely het en wat hy by verskillende geleenthede in duidelike woorde uitgespreek het.

Enkele aanhalings uit sy toespraak lewer voldoende bewyse, soos die volgende: *“Als ik terug zie hoe de Heere het volk geleid en vrijgemaakt heeft, dan weet ik wanneer ik zou afwijken; want ik heb niet alleen verslag te geven aan U Ed. Agb. Heeren (nl. die Volksraadslede), maar ook rekenschap te geven aan God en mijn leven is kort; ik zal voor Hom moeten verschijnen en wanneer ik daaraan denk, bezwijkt mijn hart....”*

Besonder sterk en betekenisvol is die woorde: *“Ek sal ’n oordeel oor my haal as deur my die onafhanklikheid geskend word!”*

Besef ons ten volle wat hierdie woorde uit die mond van Paul Kruger inhou?

Dink tog ’n bietjie na.

Aan die begin van sy toespraak sê hy: *“Ek aanvaar die presidentskap onder die diepe besef dat ek voor God moet verskyn om rekenskap te gee van my leiding en bestuur van hierdie volk wat uit God se hand die vryheid ontvang het.”*

Paul Kruger sien die Onsienlike. My lewe is kort, sê hy en as ek daaraan dink beswyk my hart. Voor die groot skare op Kerkplein in Pretoria wat na die rede luister, kyk die President op en hy bid:

*"Heer, maak mij Uwe wegen*
*door Uw Woord en Geest bekend;*
*leer mij hoe die zijn gelegen,*
*en waarheen Uw treden wendt.*
*Leid mij in Uw waarheid; leer*
*mij Uw wet betrachten;*
*Want Gij zijt mijn heil, o Heer,*
*'k blijf U al den dag verwachten"*

God se hand is merkbaar in die geskiedenis, Hy het Paul Kruger geroep om die volk te lei. Die Presidentskap word aanvaar terwyl donker wolke saampak om vuurstrale neer te blits op sy volk en hom te ontroof van sy vryheid. Elke versiende oog weet wat kom, dit is kort voor die groot worstelstryd van die Engelse oorlog. Onder die groot skare is daar seker min wat die dowwe gerommel van die aankomende storm gehoor het, maar in die ore van Paul Kruger het dit gedreun. Hierom die diepe erns van sy woorde en sy ootmoedige gebed wat toe in die woorde van die Psalmdigter uitgespreek is.

Swaar die verantwoordelikheid; die onafhanklikheid van sy volk. Daar is vyande van binne en van buite wat maar al te begerig is om die volk van sy vryheid te beroof. Ontsaglik veel sal afhang van die leiding wat in die komende krisis sal gegee moet word. Die ou President (hy was toe reeds 73 jaar oud) het gesê dat sy lewe kort is, dat hy voor die Groot Regter moet verskyn wat 'n oordeel sal uitspreek en dan volg hy ook verder: *"Ek sal 'n oordeel oor my haal sou ek die onafhanklikheid van my volk skend!"*

Maar hoekom?

Hy gee self die rede aan, want, sê hy, God het ons so sigbaar gelei dat die aller-blinde heiden en die aller-ongelowige skepsel moet erken dat dit die hand van God moes gewees het wat ons die onafhanklikheid geskenk het.

Dit is ernstige woorde wat die siel van die ou President openbaar.

Hyself was getuie hoe God daardie onafhanklikheid geskenk het; getuie as kind, as jongeling, as man en ook as grysaard.

Paul Kruger het gesien watter prys daar betaal is vir die vry- en onafhanklikheid van sy volk.

Hy het bloed gesien, edel Afrikaanse bloed van mans, vrouens, van moeders, kinders en suigelinge – bloed wat gestroom het op die Vrystaatse vlaktes, die Natalse velde en op die Transvaalse grond.

Hy het moordtonele aanskou; hy het by geopende graftes gestaan; hy het saam geween en saam getreur met die vaders en die moeders van sy volk, maar ook saam geveg, saam geworstel en gestry totdat die onafhanklikheid deur die beskikking van God verkry is.

Paul Kruger was die verpersoonliking, die beliggaming van daardie onafhanklikheid.

Hoog het die Vryheids-vlam in sy groot siel gebrand, onuitblusbaar tot sy laaste snik. In 'n lewe van Vryheid op die groot uitgestrekte velde van Suid-Afrika, gehard en gestaal, laat sy hele forse gestalte, die kyk van sy oog, die vat van sy hand, die trap van sy voet, die kortaf, ietwat kommando-stem, ons geen kneg sien of hoor nie, maar 'n vry en onafhanklike gees.

Met die eerste anneksasie deur Shepstone het hierdie reuse-gestalte sy vuurproef deurstaan. Nie dat daar ooit gevaar was dat Paul Kruger, die kosbaarste besit van sy volk sou prysgee nie, maar hy het daardie tyd nie die leiding van sake in sy hande gehad nie. Die President was Thomas Francois Burgers, in die ou Kolonie gebore en behep met 'n sekere bewondering en eerbied vir die Engelse bestuur. Dit was Burgers se toedoen dat Shepstone met 'n klein gewapende mag van vyf-en-twintig man sy intog in Pretoria gemaak het, self met die President se rytuig ingehaal is en deur die President verwelkom is.

Wat was Kruger se houding?

Hy het geweier om hom met daardie vriendskapsbetoon te vereenselwig. In duidelike taal het hy, wat toe maar net 'n gewone Volksraadslid was, die President laat verstaan dat hy 'n groot fout gemaak het; selfs voor die aankoms van Shepstone het hy die President gewaarsku en aan die handgegee dat hulle die spesiale Kommissaris van Engeland nie met sy

gewapende mag moes laat inkom nie, maar alleen en onder geleide van burger-eskorte.

Kruger het dadelik begryp dat Shepstone gekom het om sy land te annekseer, daarom was daardie ferm houding van Kruger ’n bewys dat hy sy volk se onafhanklikheid nie sou prysgee nie.

Elke keer by die verskillende konferensies wat Shepstone met die Volksraad gehou het, was dit Kruger wat hom teen die mooi-skynende voorstelle van Shepstone verset het. By die eerste konferensie, op 26 Januarie 1877, het Shepstone gepraat oor die swakheid van die Republiek en die feit dat hulle Sekoekoeni nie kon onderwerp nie. Kruger is benoem as een van ’n kommissie om hierdie en aanverwante sake te behartig, maar hy het volstrek geweier. Hy het geweier omdat hy gesien het dat dit ’n plan was om die onafhanklikheid te ondermyn.

Teen sy sin is later, maar met toestemming van Pres. Burgers, twee Engelse afgevaardig om ondersoek in te stel na die versoek van Sekoekoeni om vrede te verkry. Die naturelle-opperhoof het inderdaad om vrede versoek omdat hy deur die burgermagte daartoe gedwing was. Shepstone kon dit nie toelaat nie; want wat word dan van sy bewering van die “swakheid” van die Republiek? Daarom het hy hom beywer om self ’n kommissie van twee van sy landgenote te stuur. Burgers het in die val geloop maar Kruger het die lis deursien. Die uiteindelike rapport, ’n leuenagtige rapport was dan ook dat Sekoekoeni glad nie om vrede gevra het nie. Die geskiedenis het uiteindelik bewys dat Kruger reg was. Smaad is die volk aangedaan en aan die onafhanklikheid is getorring.

Dit was ’n dolksteek in die hart van die volk en Paul Kruger.

Stap vir stap het hy Shepstone beveg en na die ongelukkige anneksasie van 12 April 1877, het hy geen rus of vrede in die hart ervaar nie.

Hier gaan dit om die besliste weierende houding van Kruger om die vryheid van sy volk te verkwansel.

Hy het geweier en verkies om met sy volk sleg behandel te word.

Shepstone en al die hoë Engelse amptenare, ook Carnarvon en Michael Hicks Beach, twee agtereenvolgende Britse Ministers van Kolonies het gou genoeg gesien dat die sterk man in Transvaal, Paul Kruger van Rustenburg was. Hulle sou enige prys betaal om hom as bondgenoot te kry, net soos Rhodes dit later probeer het.

Hierdie Politiek van die Engelse in Suid-Afrika is in ons geskiedenis baie goed bekend. So was ook die politiek van Rome in die dae van sy heerskappy. Die magtige Romeinse ryk het die leuse geken en in toepassing gebring: “Verdeel en heers!” Die Britse ryk het in hierdie opsig by Rome skoolgegaan en die leerling het sy meester baie ver oortref.

Fyn het die Romeine die kuns verstaan om lande met wapengeweld te verower en verdeeldheid te saai. Om in daardie magtige ryk ’n posisie te kon beklee met ’n baie ruime vergoeding was ’n lokaas. Die gevolg was dat byna in alle lande wat deur die Romeine oorwin is, leidende persone spoedig troue dienaars van hul veroweraar geword het om hulle eie volk nog meer te verkneg en in slawerny te laat sug en so het talle eertydse volksleiers in die ou geskiedenis volks-verraaiers geword. Dit spreek vanself dat deur die optrede van sulke manne, die volk verdeel en die volkskrag gebreek word.

Daar is gepoog om dieselfde taktiek met Paul Kruger te gebruik. Dit kan aangeneem word dat op verskillende maniere probeer is om Kruger voor die imperiale wa te span. Een poging staan geboekstaaf, dit het gebeur, toe Kruger as Visepresident en lid van die Volksraad, saam met Dr. E.J.P. Jorrissen, Staatsprokureur en die heer W.E. Bok, Sekretaris, as ’n deputaatskap deur die Volksraad na Engeland afgevaardig is om die wederregtelike anneksasie van Transvaal deur Shepstone by Lord Carnarvon aanhangig te maak.

Hulle het in Mei 1877 oor Port Elizabeth na Engeland vertrek. Shepstone het natuurlik nie stilgesit nie, maar ’n brief aan Carnarvon gerig waarin hy beweer het dat as die deputasie nie sou slaag nie, Kruger net so ’n getroue onderdaan van die nuwe goewerment sou wees soos hy van die vorige was en dat Jorrissen sou gesê het, dat die anneksasie onvermydelik was en die herroeping daarvan ’n onheil sou wees.

Vanselfsprekend begryp Carnarvon dat Transvaal nie sommer enige man sal stuur nie, nee, in verband met so ’n saak verwag hy die allerbeste man as hoof van die deputasie en nou kom sy handlanger hom verseker van die uitstaande hoedanigheid van daardie man: “’n GETROUE ONDERDAAN!”

Shepstone weet dat die fyn politikus met sy groot federasie-planne, om al die besittings en kolonies in Suid-Afrika onder die opperheerskappy van Brittanje te plaas, genoegsame aanduiding het om te weet hoe om die “getroue onderdaan” verder te behandel. Wie sien tog nie hierin daardie selfde politiek van verdeel en heers nie? Die hele houding van die minister

word fyn beïnvloed, die protes van die Transvaalse regering word van die hand gewys, om Paul Kruger tot ander gedagtes te bring. Mooi beloftes word aan Kruger voorgelê, dat selfs die Hollandse taal ook as offisiële taal gebruik sou word en hy het selfs ’n vername betrekking vir Kruger aangebied onder Britse bestuur.

Hier het die aap uit die mou gekom teenoor Shepstone se “getroue onderdaan.” Sy taal en daarmee sy hele volkstradisie sou erken word, maar die minister gebruik heel slinks en onophoudelik die woord “voorlopig.” Die behoud van julle taal en tradisies word julle aangebied onder die matige beskerming van die Britse ryk. Julle kommer en sorge is verby en vir Paul Kruger is daar onder Britse Bestuur ’n betrekking in sy eie land!

Blykbaar het die “leeu van Rustenburg” ’n indruk op die minister gemaak, maar hy het egter vergeet dat hy met ’n leeu te doene gehad het en nie met ’n jakkals nie.

Die jakkals tipe sou die voor- en nadeel baie ernstig oorweeg het.

Paul Kruger was altyd bereid om diens te betoon, maar vir sy dienste het hy net een prys: die onafhanklikheid van sy volk. Tydens die moeilikhede wat die Engelse na die anneksasie met Ketsjwaio gehad het, het Sir Bartle Frere Kruger gevra om die Engelse generaal te vergesel, maar Kruger het geweier, Sir Bartle het sterk aangedring en gevra watter beloning Kruger ook al verlang. Hierop het Kruger gesê: *“Goed ek sal dit doen en met 500 burgers, Zoeloeland tot rus bring vir julle, maar dan vir die beloning wat ek eis!”*

Vandaar die vraag aan Kruger: *“Maar ons manier van oorlogvoering verskil van julle en julle ken die land baie beter as ons.”*

En toe Kruger daarop gevra word watter beloning hy verlang was sy antwoord: *“Die onafhanklikheid van my land en my volk!”*

Vir homself niks nie, net die vryheid en onafhanklikheid van sy volk. As hy dit nie het nie, dan beteken al die dinge vir hom minder as niks nie.

Op 10 Desember 1879 is ’n volks byeenkoms gehou op Wonderfontein, Potchefstroom. Nieteenstaande ’n kwaai proklamasie van die spesiale Hoë Kommissaris, Sir Garnet Wolseley teen die hou van so ’n byeenkoms het tog 6000 burgers vergader en n besluit geneem dat hulle nou moeg is om te vra en te bedel; dat die tyd aangebreek het om die stryd aan te knoop. Kruger was daarmee eens, maar het tog sy landgenote gewaarsku

en gewys op die groot mag van Engeland. Hierdie optrede het hom by sommige van die burgers in verdenking gebring asof hy besig sou wees om hulle te verraai. Dit was maar net enkeles wat sulke gedagtes uitgespreek het. Met beslistheid is later 'n volksbesluit geneem wat verklaar dat die volk onafhanklik sou wees; dat hulle nooit onderdane van Haar Majesteit (Koningin Victoria) was nie en dit ook nie wou wees nie. Van hierdie besluit is die Hoë Kommissaris in kennis gestel, wat onmiddellik die twee ondertekenaars, M.W. Pretorius en W.E. Bok in hegtenis laat neem en in die gevangenis gewerp is. Hulle is egter spoedig ontslaan en Pretorius het hom laat beweeg om deur die land te gaan en 'n kennisgewing van die Engelse owerheid voor te lees. Die burgers word daarin aangemaan om hulle te onderwerp aan allerhande beloftes van selfbestuur en ander voorregte voorgehou.

Naby Potchefstroom, by Nauwpoort het die eerste voorlesing plaasgevind. Kruger was aanwesig en na die lesing het Kruger dadelik die woord geneem en verklaar: *"Ek sal julle duidelik maak wat die selfregering beteken, naamlik steek jou kop in die strop dat ek jou kan ophang; dan kan jy met jou bene vry rondskop as jy wil!"*

Paul Kruger het volstandig geweier om maar een enkele jota of titel toe te gee wat die onafhanklikheid van sy volk betref.

Paul Kruger het soos 'n Moses, deur die Geloof die lang pad en die moeilike pad gekies, omdat hy, die man met een Boek, die Onsienlike, sy God agter al die gebeurtenisse gesien het.

Hy het vasgestaan soos een wat die Onsienlike gesien het en nooit het die keuse hom berou nie.

## STANDVASTIGHEID.

Moses was geroep om God se volk uit die bande van slawerny te lei.

Dit was geen maklike taak nie, nee, feitlik 'n onmoontlike en bomenslike taak. Geen wonder dat die Skrif ons baie duidelik leer hoe Moses geweifel en geaarsel het. Op die pad van sy roeping en plig het hy vasgestaan soos een wat die onsienlike gesien het.

'n Geweldige krisis het vir Israel aangebreek toe hulle reeds op die trekpad tot by die Rooi See gekom het.

Die Egiptenaars het hulle agtervolg – al Farao se perde en strydwaens, sy ruiters en sy leërmag – en hulle ingehaal terwyl hulle in die laer gestaan het. Toe Farao naby kom, slaan die kinders van Israel hulle oë op en sien

hoedat die Egiptenaars agter hulle aan trek; en hulle het baie bang geword!

Vrees het hulle oorval en wat te verwagte was, hulle het teen Moses allerlei verwyte geslinger!

“Het u ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe, wat het u ons nou aangedoen dat u ons uit Egipte uitgelei het, dit is beter vir ons om die Egiptenaars te dien as om in die woestyn te sterwe!”

Moses het ondervind wat talle leiers ook deurmaak, die leiding moet dikwels ook stroom-opgaan! In Egipte het hy reeds daardie teëkanting ondervind, deur sy optrede by Farao, omdat hy hulle diens bitter swaar gemaak het. Hier in nood en angs, met die Rooi See voor hulle en die magtige Egiptiese leer agter hulle; in hierdie beklemming en benoudheid met geen uitsig op verlossing of redding nie, breek hulle los in vlym-skerpe taal teen hulle eie leier.

Hy wankel nie, maar hy staan vas en sê: “Moenie bang wees nie, staan vas en aanskou die Verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk. Want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nooit weer sien tot in ewigheid nie!”

Hy is die leier deur God geroep, dit is sy Goddelike roeping. In die uur van nood gee hy leiding deur die Geloof in die Onsienlike.

Die Verlossing was so treffend en wonderbaarlik dat Moses met sy volk daarna ’n heerlike oorwinningslied uitgejubel het.

Maar Moses moes nog ’n lang en ’n moeilike pad met sy volk gaan; veertig jaar lank moes hy met die volk in die woestyn rondswerf. Dit is ’n geskiedenis van ontsettende lyding en worsteling en die murmurering en opstand onder die volk.

Tye was daar dat Moses self gewanhoop en moedeloos geword het. Hy was ’n baie sagmoedige man, maar soms het dit vir hom ook te veel geword. Tog het die sagmoedige man wat met vaste hand gelei het, volstandig volgehou: “Hy het die Onsienlike gesien!”

So moeilik was die taak vir Paul Kruger nie, nee, hy kan nie op gelyke voet met Moses gestel word nie, maar wat standvastigheid in sy leiding betref, kan hy met reg ’n Moses genoem word.

Vroeg is hy ook geroep om leiding te gee, eers in ondergeskikte posisies van assistent-veldkornet en veldkornet, later as Kommandant, toe hy nog maar 27 jaar was en Kommandant-Generaal en uiteindelik as President.

Hy was maar 17 jaar oud toe hy assistent-veldkornet geword het, reeds in 1842 en tot aan sy dood in 1904 was hy aan die leiding van sy volk verbind, vir 62 jaar het Paul Kruger medeverantwoordelikheid gedra vir die bestuur en leiding van sy volk.  Sy hele lewe was dus in diens van sy volk.

(Vervolg.)

---

## **Vermanende brief van Adrianus Haemstedius aan die owerheid van Antwerpen, in die jaar 1559 N.C.**

---

### **Die ware Godsdiens was verban en die tempel eensaam en verlate!**

Daar is ’n opgelegde taak vir elke blindgeborene wie se oë onder die suiwere bedieninge van die Woord van die HERE geopen is, soos die woorde, in Joh. 1 vers 6 tot 8, ons ook te kenne gee:

**“Daar was ‘n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot ‘n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.”**

Dit is die heilige taak waartoe Johannes die Doper en die Apostels opgeroep was sodat hulle selfs hul bloed daarvoor gestort het, omdat die verloregaande wêreld geen behae in die Waarheid het nie, want, lees ons ook verder, in Joh. 3 vers 19:

**“En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.”**

Om hierdie redes word elke geroepe bedienaar ook tot vandag toe vervolg, geminag en self verag. En so word die Woord van die HERE en die geroepe bedienaars deur die tirannie van pousgesinde dwaalleraars vermoor, verbrand en veroordeel, daarom roep die Here Jesus ook tot Sy diensknegte, in die woorde van Matt. 10 vers 16, en Hy sê:

**“Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.”**

Geroep tot ’n heilige taak, terwille van die Woord, die suiwere Leer van die Evangelie en tot uitbreiding van Sy Koninkryk op hierdie aarde. Om hierdie Goddelike opdrag uit te voer word hulle aan konings, vorste en heidene oorgelewer, geslaan en selfs gedood. Dit is die martelare en die getuies wat deur die Krag van die Woord en Gees die Waarheid uitgedra

en verkondig het, alhoewel dwase en verblinde vorste en leraars hulle en selfs ook diegene wat gehoorsaam en onderdanig aan die Woord van die HERE was, openlik vervolg het. Die bloed van Abel sowel as dié van elke getuie deur al die eeue sal uiteindelik aan die einde van die tyd op hul vervolgers se hoofde neerkom en van hul hande geëis word. Die Vleesgeworde Woord van ons Hemelse Vader was en sal ook nooit vir 'n gevalle en vervloekte wêreld noodsaaklik wees nie, dit word reeds in die Evangelie van Johannes bevestig, Joh. 19 vers 7:

**"Die Jode antwoord hom: Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het."**

En so word Jesus Christus, die Woord en elke getuie tot vandag toe vervolg en soos 'n Pilatus van ouds, so lewer die meeste sogenaamde Christene Hom ook oor om gedood te word. Die ware en Strydende Kerk word deur die dwaalleraars uitgemaak as ketters en oproermakers, daarom swyg die oorgrote meerderheid van die sogenaamde Christene want hulle wil hulself nie aan vervolg- en verdrukkinge blootstel nie. Die dwaalleraars versterk diegene wie in ongehoorsaam- onverantwoordelik- en in ongebondenheid volhard terwyl die regverdige omgebring word. Elkeen wie in Gees en Waarheid tot die Stryd opgeroep is, sal na die kennis wat hy van God ontvang het, openlik van die Waarheid getuig sodat die sogenaamde priestermag soos rook kan verdwyn. Hulle sal terwille van die Woord en die Kerk van Christus tot die ware Stryd toetree soos 'n Ruben van ouds terwille van sy broer Josef, volgens die getuienis, in Gen. 37 vers 29 en 30:

**"Toe Ruben by die put terugkom, was Josef nie in die put nie! Daarop skeur hy sy klere, en hy gaan na sy broers terug en sê: Die seun is nie daar nie! En ek, waar moet ek heen?"**

Dink maar ook aan die heilsame werk van Obadja, volgens die woorde, in 1 Kon. 18 vers 4:

**"Want toe Isébel die profete van die HERE uitgeroei het, het Obádja honderd profete geneem en hulle vyftig by vyftig man in 'n spelonk weggesteek en hulle met brood en water onderhou."**

Ons lees ook van Ebed-Meleg wat terwille van die profeet Jeremia hom tot die koning gewend het, volgens Jer. 38 vers 7 tot 9:

**"En toe Ebed-Meleg, die Kusiet, 'n hofdienaar wat in die paleis van die koning was, hoor dat hulle Jeremia in die put gegooi het—die koning het toe in die Benjaminspoort gesit— het Ebed-Meleg uit die paleis van die koning gegaan en met die koning gespreek en gesê: My heer die koning, hierdie manne het verkeerd gehandel in alles wat hulle die profeet Jeremia aangedoen het, wat hulle in die put gegooi het; hy sal tog sterwe van honger op die plek waar hy is; want daar is geen brood meer in die stad nie."**

Ag, hoe geluksalig elkeen wat in en deur die Krag van die Woord en Gees die ywer terwille van die Woord en die Kerk Van Christus in die hart ervaar, 'n ywer wat hulle dring en dryf, soos daardie getroue dienskneg, in Luk. 19 vers 17:

**"En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede."**

Dit is 'n taak wat met vervolg- en verdrukkinge gepaardgaan, 'n taak waarvoor elke begenadigde sy lewe opoffer juis omdat hy 'n instrument in die hand van Sy Meester is, volgens Matt. 10 vers 39 tot 42:

**"Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind. Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang; en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang. En elkeen wat een van hierdie kleintjies net 'n beker kou water laat drink, omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie."**

En vervolg die Evangelie van Lukas ook, in Luk. 12 vers 43 tot 46:

**"Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind. Waarlik, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel. Maar as daardie dienskneg in sy hart sê:**

**My heer talm om te kom, en hy die diensknegte en diensmaagde begin slaan, en begin eet en drink en dronk word, dan sal die heer van daardie dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie, en op 'n uur dat hy dit nie weet nie, en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot maak van die ontroues."**

Maar ons moet ook weet dat daar in die laaste dae groot verdrukkinge sal plaasvind omdat die mens liefhebbers van hulleself sal wees, hulle sal hul oor van die Waarheid afkeer en die Godvrugtige vervolg, soos die Evangelie van Johannes ons ook, in Joh. 16 vers 2, waarsku:

**"Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys."**

Dit is die sig- en hoorbare kenmerk van 'n Verloregaande geslag in wie die vlees heerskappy voer, terwyl hulle die ewige verderf regverdiglik tegemoetgaan.


(Vervolg.)

---

# KALENDER.

**Geskiedenis:**

- **1 Junie 1773** – Wolraad Woltemade, Kaapse visserman, ontvang Genade en Krag om op 65 jarige leeftyd 14 skipbreukelinge van die skip 'De Jonge Thomas' te red. Hyself het egter verdrink.



- **3 Junie 1865** – Geloftedag is amptelik deur die ZAR se regering ingestel. Dit is welbekend dat ons Hemelse Vader die oorwinning by Bloedrivier op Sondag 16 Desember 1838 aan die Boere gegee het. Op dieselfde dag is 'n dankdiens gehou en vroeg in 1839, is geld vir die bou van 'n Geloftekerk in Pietermaritzburg ingesamel.

  Die viering van hierdie datum is van die begin af verwaarloos. Slegs enkele huisgesinne het nog die Gelofte gehou. Daar is sedert 1864 'n Geloftefees op die historiese terrein gehou.

  Die Uitvoerende Raad van die ZAR het op 3 Junie 1865 bepaal dat 16 Desember 'n openbare vakansiedag sou wees wat soos 'n dankdag met 'n erediens deurgebring behoort te word.

- **4 Junie 1848** – Burgers van die Transgariep (Oranje-Vrystaat) kom 'n paar dae tevore op die plaas, *Rust-Der-Ouden*, van Andries Pretorius aan om hulp te vra, sodat die Engelse-juk afgegooi kon word. Andries se vrou, Christina, is egter ernstig siek aan 'n ongeneeslike kwaal. Christina het egter die gesprek gehoor waartydens Andries beswaar gemaak het as gevolg van sy vrou se ernstige siekte. Sy het haar man geroep en hom beveel om aan die versoek gehoor te gee, aangesien daar niks was wat hy vir haar kon doen nie. Christina is kort na haar man se vertrek oorlede.




- **5 Junie 1568** - Graaf Egmont en Hoorn word in Brussel deur Spaanse oorheersers onthoof, wat 'n woedende weerstand ontlok het, sodat Nederland uiteindelik van Spanje bevry sal word en die Calvinisme as die vernaamste vorm van Christenskap sal insluit.



- **6 Junie 1652** - Die eerste blanke kind is in die Kaap gebore. Bernert Willemsz Wijlant se ouers was ook die eerste bewoners van die Kasteel. As Sieketrooster was sy vader verantwoordelik om, siekes te besoek, hulle in hulle beproewing by te staan en Sondae 'n preek uit 'n preekbundel voor te lees, tydens etes ’n gebed te doen en enkele Psalms te laat sing, sowel as die Kategese-onderrig vir die jeug.

- **6 Junie 1995** – Die doodstraf amptelik in Suid-Afrika afgeskaf.

- **7 Junie 1891** – Spurgeon lewer sy laaste preek.



CHARLES HADDON SPURGEON, het in een van die eerste preke wat hy gepreek het, opgemerk: “As ek gevra word, wat my geloofsbelydenis is, moet ek antwoord: Dit is Jesus Christus.” Elke preek wat hy gepreek het, maak nie saak wat die teks was nie, ons Hemelse Vader gebruik dit alleen om die aller-noodsaaklikheid van die Here Jesus Christus te bevestig. Sy laaste preek in Londen, 7 Junie 1891, het juis gehandel oor Jesus Christus, ons barmhartige Vors.

Spurgeon is deur die Barmhartige Vors gelei sedert hy sestien jaar oud was. Na maande se onrus, stap hy op 'n bitter koue en reënerige dag in 'n Kapel, weens die slegte weer was die gereelde leraar afwesig, so 'n wankelrige lekeprediker het die diens gelei. “Jong man,” roep hy tot Spurgeon, “jy lyk ellendig!” Hy was juis as ’n instrument gebruik om aan Spurgeon die aller-noodsaaklikheid van Christus te verkondig.

Dit het ’n ommekeer in Spurgeon se lewe teweeggebring sodat hy uiteindelik as 'n jong man tot die bediening in 'n kerk in Londen, wat aan die doodloop was toegetree het. Alhoewel hy so senuweeagtig was voor sy preke, het ons Hemelse Vader sy Woordverkondiging geseën. Mikrofone was nog nie daar nie, maar met sy sterk stem het hy Christus hard genoeg aan ’n menigte verkondig. Mense wat nie die Diens kon bywoon nie, kon sy gedrukte preke lees.

Deur die Genade het hy ook 'n Kollege gestig, selfs ook liefdadigheidsorganisasies geadministreer en talle boeke geskryf. Hy is in 1892 oorlede.

- **9 Junie 1572** - Dood van Jeanne D'Albret, koningin van Navarre, wat haar land deur die Genade van ons Hemelse Vader, Protestants gedurende die gespanne en Godsdienstige gewelddadige Sestiende eeu gehou het. Haar seun Henry, 'n Hugenote-leier, het haar uiters teleurgestel, deurdat hy tot die Katolieke kerk oorgegaan het om koning van Frankryk te word.



- **9 Junie 1915** – Genl. de Wet is op hierdie dag in die Hooggeregshof in Bloemfontein skuldig bevind vir sy aandeel in die Rebellie. Hy word 'n boete van 2000 pond asook 6 jaar tronkstraf opgelê. Die boete is binne enkele maande deur 'n fonds-insameling betaal. Genl. de Wet is teen Desember 1915 weer vrygelaat.



- **10 Junie 1872** – Genl. Jan Christoffel Greyling Kemp is in die Amersfoort distrik gebore. Hy het hom as onderwyser bekwaam. Hy word gedurende die Anglo-Boereoorlog op 29-jarige ouderdom tot Veg-Generaal bevorder. Na die oorlog is hy 'n Offisier in die Unie-verdedigingsmag. Gedurende 1914, lê hy sy rang neer en word hy deel van die Rebellie. Hy word gevang en kry 1000 pond boete en 7 jaar tronkstraf. Hy word gedurende Nov 1916 vrygelaat.

- **13 Junie 1525** – Die Duitse Hervormer, Martin Luther, voorheen 'n monnik, trou met Katherine von Bora, voorheen 'n non, wat in 'n vis-vat uit haar klooster ontsnap het.

  *"Die huwelik is nie 'n natuurlike saak nie, maar 'n geskenk van God. Dis 'n buitengewone lieflike lewe, dit is vir my baie meer werd as die koninkryke van Frankryk en Venesië, want ek het 'n vrou getrou wat God aan my gegee het."*



- **17 Junie 362** - Keiser Julianus "die afvallige" beveel dat alle professore en skoolmeesters 'n lisensie moet verkry voordat hulle onderrig kan gee—sodat Christene uitgesluit word van die opvoeding van die jeug.

- **18 Junie 1580** - Sir Francis Drake het op hierdie dag tydens sy wêreldreis om Kaappunt geseil.

- **20 Junie 1885** – Prof B.B. Keet gebore. Hy word onthou as een van die vyf instrumente in die hand van die HERE om die Bybel in Afrikaans oor te sit.

- **23 Junie 1902** - Salmon Gerhardus van As, is op 2 Mei 1878 gebore en op die dag, deur 'n Britse krygshof tereggestel nadat hy aan moord op kaptein Richard Miers skuldig bevind is. Dit was net ná die Vrede van Vereeniging op Heidelberg in Transvaal. Aan Genl. P.R. Viljoen het van As op die vooraand van sy teregstelling erken dat hy Miers onder gewone oorlog omstandighede doodgeskiet het en nie vermoor het nie. Pogings deur ds. A.J. Louw en andere om van As se lewe te red het misluk. Aan sy ouers, familie en mej. Nelly Nortje het van As vir oulaas afskeidsbriewe geskryf voordat hy dié Maandagoggend vroeg teen die tronkmuur en op sy versoek nie geblinddoek, doodgeskiet is. Sy lyk is in 'n kakiekombers toegedraai en in 'n vlak graf langs die pad na die Heidelbergse kerkhof begrawe.

- **24 Junie 1519** – Is Theodorus Beza gebore.  Deur die Genade was hy ’n getroue Calvinis en opvolger van Johannes Calvyn.  Nadat hy uit die wêreldse dwalinge bekeer is verkondiging hy God se soewereine Genade en uitverkiesing.  As prediker van die Gereformeerde Kerk in Genève en rektor van die Geneefse Akademie, het hy die suiwere Leer verdedig en predikante opgelei.

- **25 Junie 1530** - Die leiers van die Hervorming lê die Augsburgse Belydenis aan keiser Karel V voor - 'n verduideliking van die posisie en oortuigings van Lutherane.



- **25 Junie 1890** – Die geboortedag van Japie Greyling. ‘n Huldeblyk aan ‘n elf jarige seun:

*“Swart is die nag en geen windjie roer;*

*Oor huis en veld kruip die dood op loer.*

*Moeder Greyling bid, en sy waak en wag;*

*Want vier wat haar sorge het groot gebrag,*

*Swerf oor die rande en veld vannag,*

*Mikpunt daar van vyandslood –*

*Net nog Japie aan haar skoot.”*

Japie word onthou weens ‘n besondere uitstaande daad gedurende die Anglo-Boereoorlog. In kort het ons Hemelse Vader hom die moed gegee om bereid te wees om eerder voor ‘n Britse vuurpeloton te sterf as om sy vader, broers en ander kommandolede se skuilplek te verraai. Die Britse kaptein word egter so deur Japie se moed beïndruk, sodat hy hom vrylaat.



- **26 Junie 1526** - Die Edik van Ilanz verkondig Godsdiensvryheid - die reg van alle persone in die Graubünden ('n streek van Switserland) en ook van beide geslagte en van watter rang ook al, om te kies tussen die Katolieke en die Gereformeerde Godsdiens. Diegene wat die Gereformeerde Godsdiens kies, sal verban en nie gedood word nie.

- **26 Junie 1529** - Die Switsers stem in tot die eerste Vrede van Kappel tussen Protestantse en Katolieke kantons.

- **27 Junie 1865**–’n Geselskap van Transvaalse transportryers bestaande uit Pieter Pretorius, jonger broer van Andries Pretorius, sy drie seuns, Jan, Albertus en Jacobus, Andries Smit en die vrou en twee kindertjies van Jan Pretorius asook 'n aantal nie-blanke bediendes het op die dag op die transportpad van Durban na Pretoria uitgespan. Hulle was vreedsaam langs die westelike hange van die Drakensberge met hul waens en 'n vrag negosieware op reis. Hulle het sowat 'n halfmyl van die Natalse grens in die distrik Harrismith uitgespan. 'n Groep Basoeto's het skielik op die geselskap afgekom en hulle met vriendskaplike gebare genader. Toe die Boere egter hulle gewere neersit het die Basoeto's die mans op 'n verraderlike en wrede wyse vermoor. Die Basoeto's het mev.

Pretorius en die twee kindertjies asook een van die waens met hulle saamgeneem. Die wa het egter onderweg gebreek en die vrou en kinders is aan hulle lot oorgelaat. Hulle het na ontsettende ontberinge Harrismith twee dae later bereik. Vanweë hierdie lafhartige moorde het Pres. Pretorius oorlog verklaar teen Mosjesj en 'n Transvaalse mag onder Kmdt-Genl. Paul Kruger is na Basoetoland gestuur om die Vrystaters by te staan.

- **29 Junie 67** - Onthoofding van die Apostel Paulus deur die Romeine.

- **29 Junie 1904** - Pres Paul Kruger se laaste boodskap vanuit Clarens in Switserland, aan die verslane Boerevolk:

  *"Dit is vir my 'n groot voorreg om die ontvangs te kan erken van u kabelgram van die 23e Mei en van u brief van die 29e van daardie selfde maand, waardeur aan my die groete oorgebring word van die kongres van 23-25 Mei, te Pretoria gehou.*

  *In alle treurigheid en leed, wat my lot is, het hierdie groet my tot dankbaarheid gestem. En van ganser harte dank ek almal wat bymekaar gekom het om te beraadslaag oor die hede en die toekoms, en aan hul ou Staatspresident gedink het en daardeur getoon het dat hulle die verlede nie vergeet het nie.*

  *Want wie vir hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. Daarom: soek in die verlede al die goeie en skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en probeer om daardie ideaal vir die toekoms te verwesenlik. Dit is waar: veel van wat opgebou was, is nou vernietig, verniel en het geval. Maar met eenheid van sin en eenheid van kragte kan weer opgerig word wat nou daar plat lê.*

  *Dit stem my eweneens tot dankbaarheid om te sien dat daardie eenheid, daardie eendrag by u heers. Vergeet nooit die ernstige waarskuwing wat lê in die woorde: "Verdeel en heers" nie, en sorg dat hierdie woorde nooit op die Afrikanervolk van toepassing sal wees nie. Dan sal ons nasionaliteit en ons taal bly staan en bloei.*

  *Wat ek self nog daarvan sal sien of belewe, lê in die Hand van God.*

  *Gebore onder die Engelse vlag, wens ek nie daaronder te sterwe nie.*

*Ek het geleer om te berus op die bittere gedagte dat ek my oë in die vreemde as 'n balling sal sluit, byna heeltemal alleen, ver van bloedverwante en vriende wat ek waarskynlik nooit weer sal sien nie, ver van die Afrikaanse grond wat ek seker nooit weer sal betree nie, ver van die land waaraan ek my lewe gewy het om dit oop te maak vir die beskawing en waar ek 'n eie nasie sien ontwikkel het.*


*Maar daardie bitterheid sal versag word solank ek die oortuiging mag bly koester dat die werk wat eenmaal begin is, voortgesit word. Want dit hou my staande: die hoop en die verwagting dat die einde van daardie werk goed sal wees. Mag dit so wees!*

*Uit die diepte van my hart groet ek u en die hele volk."*

*Geteken: S.J.P. Kruger*

---

# Blokkiesraaisel 6.




Vul al die antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

**Af:**

1. Josef het aan al sy broers, man vir man, 'n stel nuwe ... gegee?
3. Benjamin se porsie kos aan Josef se tafel was ... maal groter as die van sy broers.
5. Watter broer het Josef gekies om in Egipte gevange te hou?
6. Watter broer het by sy vader borg gestaan vir Benjamin na Egipte?
7. Op hulle eerste reis het ... broers van Josef na Egipte gegaan.

**Dwars:**

1. Wat moes Josef se broers in Egipte gaan koop het?
2. In watter land in Egipte kon Jakob en sy familie gaan woon?
4. Geskenke vir Josef uit Kanaän – Balsem, heuning, .... , gom, amandels en neute.
8. Na hoeveel jaar hongersnood het Josef hom aan sy broers bekend gemaak?
9. Wie is nie op die eerste reis na Egipte saam met die broers gestuur nie?

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 42 - 45 en beantwoord die vrae.

Vrae:

Josef se broers in Egipte:

1. Waarom het Jakob sy seuns na Egipte gestuur?
2. Waarom het hy een seun nie saam gestuur nie?
3. Wanneer het Josef weer aan sy drome gedink?
4. Waarvan het Josef sy broers beskuldig?
5. Het sy broers Josef herken?
6. Watter voorwaarde het Josef gehad, voordat hy hulle sou glo?
7. Waarvoor het Josef se broers gedink boet hulle nou?
8. Watter broer het gesê dat hy hulle gewaarsku het om hulle nie te besondig met Josef nie?
9. Wat was bo in elkeen se sak op die terug reis?
10. Wat was Jakob se antwoord nadat hulle hom alles meegedeel het wat die vors in Egipte gespreek het?

Die tweede reis na Egipte:

1. Watter geskenke het Jakob beveel dat hulle vir Josef saamneem?
2. Waarom het die broers gedink is hulle na Josef se huis gebring?
3. Wat het Josef gesê toe hy Benjamin sien?
4. Hoe het Josef hulle aan tafel laat sit wat vir die broers vreemd was?
5. Wat moes Josef se opsigter bo in Benjamin se sak sit?
6. Wat het die broers gedoen toe die beker in Benjamin se sak gevind is?
7. Wat wou Juda in Benjamin se plek doen?

Josef maak hom aan sy broers bekend:

1. Hoe weet ons dat Josef baie hard gehuil het?
2. Waarom kon sy broers hom eers nie antwoord nie?
3. Waarom, het Josef gesê, het die HERE hom vooruit na Egipte gestuur?
4. Daarop het Josef al sy broers gesoen en aan hulle hals ...?
5. Wat was Farao se reaksie toe die gerug van Josef se broers hom bereik?
6. Wat het Josef ekstra aan Benjamin gegee?
7. Wat het hy vir sy vader gestuur?
8. Jakob het sy seuns eers nie geglo nie, maar wat was sy woorde aan die einde?

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- 7 Junie – Brian Earle.
- 9 Junie – Hans Earle.
- 30 Junie – Manie Retief.

**Olifantshoek.**

Baie geluk aan Francois en Liza met die geboorte van Johanie.

**Theunissen.**

Baie geluk aan Steven en Mollie met die nuweling wat verwag word, mag ons Hemelse Vader ook Sy Seën oor julle gebied.

**Tzaneen.**

Baie geluk aan Willie en Angelique met die geboorte van Catharina.

Deur die Genade is ons ook saam met julle en jul Familie dankbaar vir die beterskap en herstel van klein Catharina se gesondheid nadat sy vir 'n tyd in die hospitaal opgeneem was, ons bid julle ook die Seën van die HERE toe.

---

## PROJEK: 2 TIM. 4 : 1 – 5.

Deur die Genade van ons Hemelse Vader, met die oog op die openlike aanslag teen Sy Heilige en Onfeilbare Woord het ons as Oud Gereformeerde Gemeente 20 000 pamflette laat druk om 'n boodskap tot behoud van die Woord van die HERE deur hierdie land te loods. Hierdie pamflette is tydens Nampo onder die ruitveërs van motors geplaas en per hand by die ingangshekke uitgedeel totdat ons deur 'n lid van Graan Suid-Afrika verbied is. Sy verweer was dat daar ook Moslems en Hindoes teenwoordig en betrokke is. Die betrokke pamflet lui as volg:

# Wat is die uiteindelike oorsaak van die ellende wat ons tans in hierdie land ervaar?

**"As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?"** (Psalm 11:3)

**Waarom word die Bybel, wat ons reeds in 1933/53 in Afrikaans ontvang het, verdraai?**

Soos die sogenaamde 1983 en 2020 bybel's wat die valse leraars wil uitmaak as die Woord van HERE, wat die Goddelikheid van Christus aantas en openlik verloën. Daarom, deur die Genade, bely ons:

Alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, glo en bevestig ons as Oud-Gereformeerde kerk die aller-volmaaktheid van die Woord van die HERE, soos die woorde, in 2 Tim. 2 vers 11 en 12, ons ook te kenne gee:

**"Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën."**

Daarom kan ons alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, glo en bely dat die Bybel wat in 1933, in ons eie taal aan ons toevertrou is, die Heilige, onfeilbare Woord van die HERE is, volgens die getuienis, in 2 Petr. 1 vers 19 tot 21:

**"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."**

Alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees, glo en bevestig ons ook die ontwyfelbare getuienis, in Ps. 119 vers 160:

**"Die hele inhoud van u woord is waarheid,"**

Deur die Genade glo ons, daarom verwerp ons die 1983, die 2020 en alle geskrifte wat die dwaalleer van eiegeregtigheid verkondig en die Godheid en volkome geregtigheid van Jesus Christus as ons enigste Borg en Middelaar verloën. Die allernoodsaaklike Stryd waartoe die Kerk van Christus, in 1 Kor. 16 vers 22, opgeroep word:

**"As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!"**

AMEN, so getuig ons as begenadigdes in die Kerk van Christus:

AMEN, ja amen.

Waarom verwerp ons, deur die Genade, die sogenaamde 1983 en 2020 bybel's wat die wêreld wil uitmaak as die Woord van God?

- Die Goddelikheid van Christus word aangetas en openlik verloën.
- Die Drie-Eenheid word misken.

Vir verdere inligting: **www.oudgereformeerd.co.za/woord**

Kontak & WhatsApp Nr.'s: Manie Earle 084 410 7117
I.J. Earle 084 405 3013